Tussentydse resultate

vir die ses maande geëindig 30 September 2007

VOLGEHOUE LEWERING DEUR GEBALANSEERDE BESIGHEID

OMNIA

HOOGTEPUNTE

- Inkomste styg met 26% tot R3,1 miljard
- Bedryfswins styg met 33% tot R192 miljoen
- Wesensverdienste per aandeel styg met 24% tot 224,5 sent
- Tussentydse dividend van 83 sent per aandeel verklaar

OMNIA HOLDINGS BEPERK (Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer 1967/003680/06 JSE-kode: OMN ISIN: ZAE000005153 ("Omnia" of "die Groep")

Verkorte gekonsolideerde inkomstestate

vir die ses maande geëindig 30 September 2007

R miljoen	**Ongeou-diteer 6 maande 30/09/07**	%	Ongeou-diteer 6 maande 30/09/06	Geou-diteer 12 maande 31/03/07
Inkomste	**3 061**	26	2 438	5 537
Bedryfswins	**192**	33	144	422
Netto finansieringskoste	**(45)**		(21)	(58)
Rente betaal	**(44)**	57	(28)	(80)
Rente ontvang	**1**		3	18
Valuta(verlies)/-wins	**(2)**		4	4
Wins voor belasting	**147**	20	123	364
Belasting	**(50)**	16	(43)	(118)
Netto wins vir die tydperk	**97**	21	80	246
Toeskryfbaar aan:				
– Ekwiteitshouers van die maatskappy	**97**	21	80	246
Basiese verdienste per aandeel (sent)	**220.3**	21	182.2	560.3
Ten volle verwaterde basiese verdienste per aandeel (sent)	**218.3**	22	179.2	553.2
Finale dividend betaal per aandeel (sent) ten opsigte van vorige jaar	**90.0**	6	85.0	85.0
Interim dividend per aandeel (sent) verklaar vir die huidige jaar	**83**		70.0	70.0
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele ('000)	**44 038**		43 648	43 772
Geweegde gemiddelde aantal ten volle verwaterde uitgereikte aandele ('000))	**44 448**		44 385	44 338
Aantal uitgereikte aandele ('000)	**44 189**		43 725	43 943

Verkorte gekonsolideerde balansstaat

soos op 30 September 2007

R miljoen	**Ongeou-diteer 6 maande 30/09/07**	Ongeou-diteer 6 maande 30/09/06	Geoudi teer 12 maande 31/03/07
Bates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**819**	679	760
Ontasbare bates	**429**	445	436
Uitgestelde belasting	**3**	1	3
Voorraad	**1 446**	929	905
Handels- en ander debiteure	**1 373**	1 148	969
Ander bedryfsbates	**33**	58	50
	4 103	3 260	3 123
Ekwiteit en laste			
Aandeelhouersekwiteit	**1 291**	1 131	1 250
Uitgestelde belasting	**91**	91	83
Nie-bedryfslaste	**258**	15	33
Handels- en ander krediteure	**1 474**	1 334	1 417
Belasting	**31**	4	49
Ander bedryfslaste	**958**	685	291
	4 103	3 260	3 123
Netto rentedraende skuld	**1 184**	637	265
Netto batewaarde per aandeel (rand)	**29.2**	25.9	28.4
Valutaverlies ingesluit by bedryfswins	**(5)**	(31)	(31)
Kapitaalbesteding			
Depresiasie	**28**	28	59
Amortisasie	**10**	10	20
Aangegaan	**86**	65	188
Goedgekeur en verbind	**124**	47	33
Goedgekeur maar nie gekontrakteer nie	**77**	98	174

Verkorte gekonsolideerde kontantvloeistate

vir die ses maande geëindig 30 September 2007

R milljoen	**Ongeou-diteer 6 maande 30/09/07**	Ongeou-diteer 6 maande 30/09/06	Geou-diteer 12 maande 31/03/07
Bedryfswins	**192**	144	422
Depresiasie en amortisasie	**38**	38	79
Aanpassing vir nie-kontantitems	**(31)**	69	(3)
Benut deur bedryfskapitaal	**(889)**	(399)	(60)
	(690)	(148)	438
Rente betaal	**(44)**	(28)	(80)
Rente ontvang	**1**	3	18
Belasting betaal	**(61)**	(58)	(100)
Dividende betaal	**(39)**	(39)	(68)
(Benut)/voortgebring uit bedrywighede	**(833)**	(270)	208
Kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(86)**	(65)	(175)
Kontantinvloei/(-uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite	**228**	(3)	8
Netto (afname)/toename in kontant	**(691)**	(338)	41
Netto oortrekking aan begin van tydperk	**(234)**	(275)	(275)
Netto oortrekking aan einde van tydperk	**(925)**	(613)	(234)

Rekonsiliasie van wesensverdienste

R miljoen	**Ongeou-diteer 6 maande 30/09/07**	Ongeou-diteer 6 maande 30/09/06	Geou-diteer 12 maande 31/03/07
Netto wins vir die tydperk	**97**	80	246
Wins met vervreemding van vaste bates	**–**	–	(1)
Daling in waarde van belegging	**2**	–	–
Wesensverdienste	**99**	80	245

Ander reserwes

R miljoen	**Ongeou-diteer 6 maande 30/09/07**	Ongeou-diteer 6 maande 30/09/06	Geou-diteer 12 maande 31/03/07
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**31**	17	19
Valuta-omrekeningsreserwe	**(16)**	38	14
Netto diskonto voortspruitend uit verkryging van aandele van filiale	**3**	3	3
	18	58	36

Staat van verandering in aandeelhouersekwiteit

Gewone aandeelhouersekwiteit

R miljoen	Verklaarde kapitaal	Tesourie-aandele	Ander reserwes	Behoue verdienste	Minder-heids-belang	Totaal
Op 31 Maart 2006 (geouditeer)	201	(20)	(12)	849	2	1,020
Erkende inkomste en uitgawes						
Netto wins vir die tydperk				80		80
Toename in valuta-omrekeningsreserwe			66			66
Aandeelgebaseerde vergoeding			4			4
Transaksies met aandeelhouers						
Gewone dividende betaal				(39)		(39)
Op 30 September 2006 (ongeouditeer)	201	(20)	58	890	2	1,131
Erkende inkomste en uitgawes						
Netto wins vir die tydperk				166		166
Afname in valuta-omrekeningsreserwe			(24)			(24)
Aandeelgebaseerde vergoeding			2			2
Transaksies met aandeelhouers						
Tesourie-aandele verkoop		4				4
Gewone dividende betaal				(29)		(29)
Op 31 Maart 2007 (geouditeer)	201	(16)	36	1,027	2	1,250
Erkende inkomste en uitgawes						
Netto wins vir die tydperk				97		97
Afname in valuta-omrekeningsreserwe			(30)			(30)
Aandeelgebaseerde vergoeding			12			12
Transaksies met aandeelhouers						
Tesourie-aandele verkoop		1				1
Gewone dividende betaal				(39)		(39)
Op 30 September 2007 (ongeouditeer)	201	(15)	18	1,085	2	1,291

Segmentontleding

vir die ses maande geëindig 30 September 2007

R miljoen	**Ongeou-diteer 6 maande 30/09/07**		Ongeou-diteer 6 maande 30/09/06	Geou-diteer 12 maande 31/03/07
Inkomste netto van intersegmentele verkope	**3 061**	26	2 438	5 537
Chemikalieë	**1 509**	30	1 162	2 624
Mynbou	**581**	24	470	1 001
Landbou	**971**	20	806	1 912
Beryfswins	**192**	33	144	422
Chemikalieë	**60**	(5)	63	127
Mynbou	**56**	(14)	65	138
Landbou	**76**	375	16	157

Aantekeninge

Rekeningkundige beleid

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die ses maande geëindig 30 September 2007 is opgestel in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) IAS 34 – Tussentydse Finansiële Verslagdoening en ooreenkomstig die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state sluit nie al die inligting in wat deur IFRS vir volledige finansiële jaarstate vereis word nie.

Die hoofbeleid wat gebruik is vir die voorbereiding van die resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2007, stem ooreen met dit wat toegepas is vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2007.

Wesensverdienste

Wesensverdienste is 224.5 sent per aandeel (2006: 181.4 sent per aandeel).

Ten volle verwaterde wesensverdienste is 222.4 sent per aandeel (2006: 178.4 sent per aandeel).

Dividende

'n Finale dividend van 90 sent per aandeel is op 18 Junie 2007 verklaar ten opsigte van die vorige finansiële jaar. Die dividend word in die huidige tydperk tot 30 September 2007 weerspieël.

Verbintenisse

Die toekomstige minimum huurbetalings kragtens nie-kanselleerbare bedryfshuurkontrakte is R23,9 miljoen (2006: R17,2 miljoen) binne een jaar en R38,0 miljoen (2006: R51,4 miljoen) tussen twee en vyf jaar en R1,5 miljoen (2006: Rnul) later as vyf jaar, wat 'n totaal van R63,4 miljoen (2006: R68,6 miljoen) beloop.

Kommentaar

Inleiding

Omnia is 'n gediversifiseerde spesialisverskaffer van chemiese dienste met gebalanseerde sakebelange in die chemiese, mynbou- en landboumarkte. Die Groep is in wese 'n kennisbesigheid wat sy toonaangewende intellektuele kapitaal en produksiebates van wêreldgehalte aanwend om die produkte en dienste wat hy bied, te diversifiseer. Die unieke sakemodel skep buitengewone waarde vir sy kliënte, wat daartoe lei dat die Groep 'n premie verdien in sy markte en langtermynverhoudings met kliënte smee.

Al drie Omnia se sakesegmente het groei in inkomste van meer as 20% behaal. Die grootste groei was in die Chemiese afdeling waar inkomste met 30% toegeneem het, hoewel dit teen laer marges was as in die verlede. Die Mynbou-afdeling se inkomste het met 24% gegroei, namate die sterk wêreldwye vraag na metale verkope op 'n volgehoue grondslag gesteun het. In die Landbou-afdeling het inkomste met 20% gegroei, nieteenstaande die feit dat die meeste van sy aktiwiteite gewoonlik in die tweede ses maande-tydperk voorkom, omdat dit die hoof plantseisoen is. Die groei van 20% is behaal teen aansienlik beter marges vergeleke met die vorige tydperk. Dit weerspieël die hoër kunsmispryse en positiewe planttoestande, wat hoofsaaklik aangevuur is deur hoër mielieprys in die mark.

Finansiële Oorsig

Die Groep se inkomste het met 26% toegeneem tot R3,1 miljard (2006: R2,4 miljard), danksy verhoogde verkope deur al die afdelings. Bedryfswins het met 33% toegeneem tot R192 miljoen (2006: R144 miljoen), terwyl die marge toegeneem het tot 6,3%, vergeleke met die 5,9% wat gedurende die vorige tydperk behaal is, weens die beter prestasie van die Landbou-afdeling. Soos aangedui is in vorige kommunikasie, het die Groep 'n aantal projekte van stapel gestuur en die projekte behoort oor twee tot drie jaar vrugte af te werp. Die koste van die projekte word toegewys aan bedryfsafdelings en dit het 'n negatiewe invloed op die bedryfsmarges oor die korttermyn. Verder dra die onderskeie bedryfsafdelings nou 'n proporsionele persentasie van die koste van aandeelgebaseerde vergoedings wat spruit uit die SEB-skema vir werknemer-eienaars, Sakhile Initiative, wat hieronder beskryf word. Die aandeelgebaseerde vergoeding vir die ses maande bedra R12 miljoen (2006: R4 miljoen).

Rente betaal het met 57% toegeneem tot R44 miljoen (2006: R28 miljoen) weens hoër rentekoerse wat van toepassing is op 'n aansienlik hoër vlak van skuld. Netto finansieringskoste is negatief beïnvloed deur 'n verlies wat spruit uit die omrekening van buitelandse valuta, vergeleke met 'n wins op buitelandse valuta van R4 miljoen vir die vorige tydperk.

Netto wins het met 21% toegeneem tot R97 miljoen (2006: R80 miljoen), voortspruitend uit 'n goeie bydrae van die Landbou-afdeling.

Die seisoenale aard van Omnia se landboubedrywighede beteken dat die Groep se bedryfskapitaalvereistes 'n spits bereik in September van elke jaar. Die stygende prysspiraal vir grondstowwe, veral ammoniak, ureum, kalium en fosfate, wat verstewig op grond van die stygende vraag na biobrandstof, is volgehou. Op grond van die volgehoue toename in pryse vir die grondstowwe, is 'n strategiese besluit geneem om grondstowwe vroeg aan te koop. Dit het daartoe gelei dat die netto rentedraende skuld met 86% toegeneem het van die lae basis van die vorige jaar, tot R1 184 miljoen (2006: R637 miljoen). Kontant benut deur bedrywighede het vir die tydperk waaroor verslag gedoen word, toegeneem van R563 miljoen tot R833 miljoen (2006: R270 miljoen). Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n verhoging in bedryfskapitaal van R490 miljoen vergeleke met die vorige tydperk.

Die verstewiging van die rand het gelei tot 'n negatiewe aanpassing van R30 miljoen in die valuta-omrekeningsreserwe vir die tydperk (2006: positiewe R66 miljoen).

Bedryfsoorsig

Chemikalieë

Die Protea-chemikalieafdeling is die toonaangewende verspreider van spesialis-, funksionele- en effekchemikalieë in suidelike Afrika. Dit het 'n gevestigde teenwoordigheid in elke sektor van die chemiese verspreidingsmark en het 31% bygedra tot die Groep se bedryfswins (2006: 44%).

Inkomste het met 30% toegeneem tot R1 509 miljoen (2006: R1 162 miljoen). Die verhoging weerspieël die gevolg van die verandering aan 'n groot kontrak waaroor voorheen verslag gedoen is, wat behels het dat die kontrak aangepas is vanaf die verdien van 'n kommissie na die handel in goedere, asook 'n toename in inkomste van die polimeerbesighede wat gedoen word teen laer marges. Weens die onbestendigheid van die wisselkoers tussen die rand en ander geldeenhede, was verkoopmarges in sekere gevalle laer, terwyl addisionele kostes, soos die afdeling se toedeling van die Groep se projekkoste en hoër koste van aandeelgebaseerde vergoeding, die bedryfsmarge verder verlaag het tot 4% (2006: 5%). Dit het daartoe gelei dat die bedryfsmarge gedaal het tot R60 miljoen (2006: R63 miljoen).

Mynbou

Omnia se Mynbou-afdeling is die markleier in vermengde-massaplofstofformulerings vir bogrondse mynbou. Die afdeling vervaardig ook verpakte plofstowwe vir ondergrondse mynbou en gespesialiseerde bogrondse skietwerk. Verder verskaf die afdeling verskeie mynbouchemikalieë en skiettoebehore. Die Mynbou-afdeling het 29% bygedra tot die Groep se bedryfswins (2006: 45%).

Die Mynbou-afdeling het steeds gebaat by die volgehoue groei in mynboubedrywighede gedurende die tydperk, veral met betrekking tot steenkool, koper, uraan en ystererts. Dit het bygedra tot verdere groei, veral in mynbouchemikalieë, maar teen laer marges as in vorige tydperke. Die plofstofmark het uiters mededingend geword. Pryse vir grondstowwe styg skerp en dit plaas druk op marges, wat veroorsaak dat die afdeling onttrek van ooreenkomste wat nie winsgewend is nie. Verder is aansienlike kostes aangegaan vir addisionele hulpbronne wat verband hou met nuwe kontrakte waar die kontrakvolumes nog bereik moet word. Die afdeling dra ook 'n toewysing van projekkoste van die Groep en aandeelgebaseerde vergoedings. Die sterker rand het 'n negatiewe uitwerking op uitvoerprodukte gehad. Die faktore het saam bygedra tot 'n afname in die bedryfsmarge van 14% tot 10%.

Die Mynbou-afdeling se inkomste het met 24% gegroei tot R581 miljoen (2006: R470 miljoen). Die afname in bedryfsmarge tot 10%, tesame met die verlies van besigheid in Zimbabwe en die verlies van besigheid wat spruit uit die afdeling se onvermoë om 'n volgehoue voorraad van skokbuis-inisieringstelsels te voorsien, soos voorheen gerapporteer, het daartoe gelei dat bedryfswins met 14% afgeneem het tot R56 miljoen (2006: R65 miljoen). Die afdeling se eie nuwe skokbuismonteringsaanleg, wat die voorsieningsprobleem sal oorbrug, sal volgens beplanning voor die einde van die finansiële jaar in gebruik geneem word.

Landbou

Die Landbou-afdeling produseer en verskaf korrel-, vloeibare en spesialiteitskumsmis aan individuele boere, koöperasies en groothandelaars in suidelike Afrika. Die afdeling verskaf ook gespesialiseerde kunsmis aan boere in Australië en Nieu-Zeeland. Die Landbou-afdeling het 40% bygedra tot die Groep se bedryfswins (2006: 11%).

Inkomste het met 20% toegeneem tot R971 miljoen (2006: R806 miljoen). Weens die toenemende groei in die internasionale vraag na mielies, aangedryf deur die vraag na alternatiewe volhoubare brandstofbronne, het die mielieprys relatief hoog gebly teen R1 800 per ton vergeleke met R1 300 per ton 'n jaar gelede. Dit het nie net gelei tot 'n tekort aan die grondstowwe vir kunsmis in internasionale markte met gepaardgaande prysverhogings nie, maar dit sal waarskynlik ook boere oorreed om meer hektare mielies aan te plant as in die verlede. Hoewel bedryfsmarges in die Landbou-afdeling tradisioneel laer is in die eerste helfte van die finansiële jaar as die tweede helfte van die finansiële jaar, het bedryfsmarges toegeneem tot 8% vir die tydperk (2006: 2%). Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die voortydige aankope van grondstowwe teen gunstige pryse. Hierdie verbetering het die Groep beskerm teen die negatiewe invloed van die afname in bedryfswins in die Chemiese en Mynbou-afdelings.

Vooruitsigte

Chemikalieë

Die vraag na die Groep se chemiese produkte word beïnvloed deur die groei in die vervaardigingsektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die onlangse verstewiging van die rand gaan die vervaardigingsbedryf negatief beïnvloed, en kan die mededingendheid van uitvoere benadeel, terwyl die invoer van goedkoper vervaardigde komponente terselfdertyd bevorder kan word. Oliepryse wat besig is om rekordvlakke te behaal, sal egter prysverhogings verseker vir petrochemiesebyprodukte en -derivate. Internasionale chemiese pryse neem toe in ooreenstemming met die verbetering in die wêreldwye ekonomiese omgewing, terwyl voorsieningstekorte toenemend duidelik word. Daar is aksie geneem om marges oor die korttermyn te verbeter.

Mynbou

Die volgehoue sterk vraag na metale en minerale in die wêreld sal voordelig wees vir beide die plofstof- en mynbouchemiese-markte. Die Mynbou-afdeling wil egter omsigtig wees met betrekking tot sy groei-aspirasies, veral met die huidige mededingende aard van die mark wat sekere kontrakte eenvoudig onekonomies maak. Omnia is daartoe verbind om sy sake te bedryf teen billike marges en gaan nie probeer om vas te klou aan sake wat nie ekonomies bedryf kan word nie. Volgehoue groei word egter verwag met marges wat sal terugkeer na meer aanvaarbare vlakke. Die Mynbou-afdeling lê klem daarop om die voordele te benut waar geleenthede spruit uit sy groeiende teenwoordigheid in Afrika. Daar blyk aansienlike potensiaal vir groei in lande noord van ons te wees.

Landbou

Volgens die jongste oesvooruitsigte gaan sowat 2,8 miljoen hektaar mielies aangeplant word. Dit is meer as die 2,5 miljoen hektaar wat in die vorige seisoen aangeplant is. Die plaaslike vraag na kunsmis vir die volle jaar behoort dus te herstel na normale volumes, indien dit nie meer is nie, wat 'n positiewe invloed sal hê op dié aspek van die Groep se aktiwiteite.

Die uitstekende reënval in die onlangse verlede het gelei tot hoë vlakke van ondergrondse water, grondvog en damvlakke. Die omgewing behoort 'n gunstige uitwerking te hê op die kunsmisbedrywighede en vir die Groep as geheel in die komende tydperk.

Omnia-groep

Die Groep verwag 'n verbetering in verdienste vir die jaar wat in Maart 2008 eindig, vergeleke met verdienste vir die finansiële jaar geëindig Maart 2007.

Die projek vir die Skoonomgewingsmeganisme wat 'n jaar gelede aangekondig is, verloop volgens plan en die Envinox aanleg is in die eerste fase van installering by die Sasolburg-produksie-aanleg.

Omnia bly daarop gefokus om sy risikoprofiel te diversifiseer en om nuwe groeigeleenthede te ontgin, terwyl op die Groep se kernvermoëns gefokus word. In hierdie verband het Omnia in Augustus 2007 aangekondig dat 'n gespesialiseerde chemiese en water-behandelingsonderneming, Zetachem, verkry is teen 'n netto bedrag van R133 miljoen, onderhewig aan die goedkeuring van die Raad op Mededinging.

Omnia is goed geplaas om te baat by die vraag na biobrandstof wat die vraag na kunsmisprodukte positief sal beïnvloed. Die Groep se posisie in dié mark sal in die toekoms die groei in die landboumark ondersteun.

Mnr Ralph Havenstein is op 6 November 2007 as 'n nie-uitvoerende direkteur van die Raad aangestel. Ralph beskik oor sakevernuf op 'n senior vlak asook oor 'n sterk chemiese ingenieurswese- en mynbou-agtergrond. Sy ondervinding sal 'n wesenlike bydrae tot die raad lewer.

Swart ekonomiese bemagtiging – aandeelhouding

Die Groep se vereenvoudigde struktuur het van krag geword op 1 April 2007. Met die herstrukturering is 'n nuwe maatskappy, Sakhile Initiative Bpk, gestig. Aandeelhouers van die maatskappy is Omnia-werknemers wat in Suid-Afrika gesetel is. Omnia het effektief 10% van sy aandele en eise in Omnia Group (Edms) Bpk aan Sakhile verkoop vir R 278 miljoen. Dit maak die maatskappy wat deur werknemers besit word, geregtig op 10% van die ekonomiese belang, met volle stemreg in Omnia Group (Edms) Bpk. Sakhile het die transaksie befonds deur:

- 'n lening van R 218 miljoen aan te gaan by 'n bank om te betaal vir rentedraende leningsrekeninge aan Omnia Group (Edms) Bpk en
- die uitreik van voorkeuraandele van R60 miljoen aan Omnia Holdings Bpk om te betaal vir rentevrye lenings aan Omnia Group (Edms) Bpk.

Verdere besonderhede van die SEB-reëling ten opsigte van bemagtiging deur aandeelhouding is beskikbaar in Omnia Holdings Bpk se jaarverslag van 2 Augustus 2007.

Dividende

Dit Direksie kondig met genoeë aan dat 'n tussentydse dividend van 83 sent per aandeel verklaar is aan aandeelhouers wat op Vrydag, 4 Januarie 2008 geregistreer is. Die laaste dag om met dividend te verhandel is Donderdag, 27 Desember 2007. Die aandeel sal Vrydag, 28 Desember 2007 sonder dividend begin verhandel en die rekorddatum sal Vrydag, 4 Januarie 2008 wees. Die betaaldatum sal Maandag, 7 Januarie 2008 wees. Aandeelsertifikate mag nie van Vrydag, 28 Desember 2007 tot en met Vrydag, 4 Januarie 2008 gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie.

NJ CROSSE
Voorsitter

RB HUMPHRIS
Besturende Direkteur

28 November 2007

STUDIO 8

Direkteure NJ Crosse *(Voorsitter)*, FD Butler, DL Eggers* *(Groep- Finansiële Direkteur)*, NKH Fitz-Gibbon*, RB Humphris* *(Groep- Besturende Direkteur)*, Prof SS Loubser, Dr WT Marais, RR Masebelanga, JG Pretorius, DC Radley, TR Scott, R Havenstein **Uitvoerende Direkteure*

Geregistreerde kantoor 1ste Verdieping, Omnia House, Sloanestraat 13, Epsom Downs, Bryanston, Sandton
Posbus 69888, Bryanston 2021
Telefoon (011) 709 8888

Oordragsekretarisse Link Market Services South Africa (Edms) Beperk
Diagonalstraat 11, Johannesburg 2001
Posbus 4844, Johannesburg 2000

www.omnia.co.za